# Hoofstuk 2.2

## KORPORATIEWE IDENTITEIT



**"Aan de roode baatjes en mutsen der studenten merkte het publiek van Potchefstroom alias dat een vreemde soort menschen hun plaats onder ons had ingenomen."**

**- Het Kerkblad, 1.3.1905**

**"Laat ons van hier gaan en voortarbeiden aan de taak, die God ons gesteld heeft, steeds gedachtig aan het woord van den psalmdichter: 'In Uw Licht zien wij het Licht".**

**- Ferdinand Postma, 24 Julie 1914**

## 2.2.1 Eie identiteit

Met die totstandkoming van die PUK vir KHO in Julie 1919 het die eertydse Literariese of Kollege Departement, soos dit veral in die latere tyd bekend begin staan het, sy eie besondere identiteit verkry. Verhoogde status, deur inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika in 1921, sou ook formaliteitsgewys bepaalde eise stel, waaronder die uitgee van 'n handleiding of jaarboek waarin ter saaklike inligting rakende die Universiteit aan veral studente en voornemende studente bekend gestel word. 'n Eie embleem en kenmerkende leuse en kleure was ander gemeenskaplikhede in hoëronderwyskringe waaraan beleidmakers spoedig aandag sou moes gee. En wat is 'n studentegemeenskap sonder 'n eie lied, 'n Alma Mater, en 'n "oorlogskreet"?

## 2.2.2 Jaarboek

Reeds op 24 September 1919, kort nadat die Kollege Departement tot 'n universiteitskollege omvorm is, is 'n konsepjaarboek aan die Raad voorgelê. Vanweë ongenoemde probleme het die projek egter nie in 1920 van die grond af gekom nie. [1]

In 1921 en 1922 is die mees basiese inligting oor die inrigting vervat in wat hoogstens vlugskrifte of prospektusse genoem kon word, met titel "Akademiejaar". Dié vir 1921 het slegs ses bladsye beslaan en bevat 'n voëlvluggeskiedenis (1 bladsy) en kort mededelings i.v.m. die akademiese jaar, kollegegelde, losies, beurse, personeel, vakke en kursusse. Die brosjure vir 1922 bevat basies dieselfde inligting, maar beslaan darem agt bladsye!

Skynbaar as gevolg van die statusverhoging in Julie 1921 en om darem in lyn te wees met die praktyk, sien die eerste volwaardige jaarboek van die PUK tog nog in 1922 die lig. Dit beslaan 102 bladsye en bevat inligting aangaande 'n wye verskeidenheid sake rakende die universiteit: kalenders, roosters, studenteverenigings, naamlyste van oudprofessore, gegradueerdes en oudstudente, reglemente vir beurse en koshuise, betaalbare gelde, ens. In hierdie eerste jaarboek, wat die naelstringverbondenheid aan die Universiteit van Suid-Afrika op sy titelblad uitspel, is ook 'n beknopte oorsig gegee oor die geskiedenis van die PUK, insluitende die statute van die ou PUK vir KHO en die wet vir inkorporasie, Private Wet (nr 25, 1921). 'n Jaarverslag van die Senaat vir 1921 is ook hierin opgeneem.

Hierdie jaarboek sou voortaan 'n standaard handboek oor die aktiwiteite en werksaamhede van die inrigting word en sou saam met die universiteit groei en ontwikkel. In die proses het dit 'n onmisbare bron van inligting oor die universiteit geword.




***2.2.1***

***Voorblad van die Jaarboek van 1923.***

Die 1923-uitgawe van die jaarboek vertoon vir die eerste keer die later so bekende kenteken of embleem van die universiteit: die sewepuntige kandelaar op 'n blou skildagtergrond met die spreuk "In U Lig" op 'n band daaronder. Die herkoms van hierdie embleem word hieronder bespreek.

## 2.2.3 Embleem

Reeds kort na die totstandkoming van die PUK vir KHO in 1919 het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n eie wapen (embleem) en spreuk, soos destyds algemeen gebruiklik was by instellings van hierdie aard.

Vir sover vasgestel kon word, was die eerste embleem van die Teologiese Skool dié van 'n man wat met 'n graaf spit, omraam in 'n lourierkrans met die woorde "Fac et Spera" soos 'n stralekrans bokant en van agter. Dié






***2.2.2***

***Die eerste embleem van die Teologiese Skool te Burgersdorp (links) was afkomstig vanuit 'n ou Nederlandse Statebybel (regs). Die storie agter die verkryging hiervan word hiernaas uit ou notules en ander bronne gerekonstrueer.***


beeld is ontleen aan en 'n aanpassing van 'n afbeelding wat in 'n Nederlandse Statebybel voorkom.[2] Onderaan die verwerkte embleem verskyn die woorde "In Hope Delvic". Hierdie embleem het teen die middel negentigerjare sy beslag gekry en wel in een van die baie geboutjies waarin die ronddolende Teologiese Skool destyds tydelik gehuisves was.

Destydse student en latere predikant JGH van der Walt vertel só hiervan in 1916: "In Wagenaar [waarskynlik Warner] se kamer is daarom [darem] ook dinge bespreek en besluit wat vandaag nog geldig is onder die studente … Hiervan is ik seker dat ons hier die motto van ons skool "fac et spera" aangeneem het … Die eerste skilde was van silwer met die letters F. en S. daarop uitgesnij. Kort daarna het ons uit Europa die skilde in die skoolkleure op koper uitgewerk gekrij, waarop die woorde Fac et Spera, voluit verskijn het."[3]

Die notuleboek van die Studente Algemene Vergadering, wat foutief in die argief van die Teologiese Skool onder 'n ander titel geliasseer is en eers op 'n laat stadium van hierdie studie blootgelê is, werp meer lig op die ontstaan van die eerste embleem. En hoewel die lokaliteit van die gebeure nie presies vasstelbaar is nie, bevestig hierdie primêre bron dat JGH van der Walt nogal intens betrokke was by die daarstelling van die embleem of wapen, as eerste voorsteller dat 'n wapen gekry moes word en ook as kommissielid belas met die uitvoering van die besluit.

Op 12 Mei 1894 is die studente in vergadering byeen, in wat beskryf is as die kollegekamer van literariese professor Stephanus Postma, met "de wenschelijkheid van een bepaald teeken voor de Studenten" as een van twee agendapunte. Twee voorstelle kom ter tafel: voorstel (a) deur J van der Walt / D Postma: "Wij zullen een teeken hebben" en voorstel (b) deur C van der Walt / W de Klerk: "Wij zullen geen teeken hebben." Voorstel a) word aanvaar. Oor die vraag "van welken aard dit teeken zijn zal", word twee planne voorgelê en aan 'n komitee deurgegee, een net oor die vorm maar sonder inagneming van die kleur, die ander oor die vorm sowel as die kleur.

Op die volgende vergadering, vroeg in Junie, rapporteer Willem Postma se komitee terug en word voorstelle ten opsigte van die vorm, die kleure en die aanbring van 'n inskripsie aanvaar. 'n Voorgestelde inskripsie, "T.S.B." (vir Teologiese Skool Burgersdorp) het nie bevredig nie en die professore moes versoek word





***2.2.3***

***Willem Postma (links) en JGH van der Walt (regs)... rolspelers in die verkryging van die eerste embleem.***





***2.2.4***

***1913 Korps embleem.***




***2.2.5***

***1916 Korps embleem (Pierneef).***




***2.2.6***

***1919 Korps embleem.***

om ‘n sinspreuk (motto) daarvoor te verskaf. Op 8 Oktober 1894 het Postma weer verslag gedoen, ‘n model van die skildvormige “teeken” vertoon en is dit finaal aanvaar. [4]

In September 1896 het die die “badge zaak” weer gedien “daar ons tegenwoordige ‘badge’ te duur uitkomt en het gebleken is dat het niet beantwoord”. Gevolglik is die spesiale kleur (sonder vermelding welke kleur) afgeskaf en, met behoud van die vorm, ‘n effe metaal wapen met die letters F.E.S (vir “Fac et Spera”) aanvaar. Die sekretaris moes toesien dat dit op die goedkoopste wyse verkry word en die Studente Letterkundige Vereniging moes gevra word om te help met die bemarking. Dit is aan die praetor opgedra om dit op die hart van elke student te druk om die wapen aan te koop. [5]

Voorasnog was daar skynbaar net die metaalwapen, waarskynlik ’n lapelwapen. Van die geykte wapen op ‘n baadjiesak is geen spore gevind nie. Die spreuk “Fac et Spera” (“werk en hoop”), wat intussen as motto vir die skool aangeneem is en waarvan net die “F.E.S.” op die wapen gepryk het, is waarskynlik deur een of albei professore voorgestel – soos hulle versoek was om te doen. In April 1905 is daar te Potchefstroom besluit

dat die embleem ook op skryfpapier afgedruk moes word [6] en dien die embleem, minstens op studentevlak, as amptelike briefhoof van die Teologiese Skool.

Wat van die aanvanklike skildvormige embleem geword het, is nie duidelik nie. Vir sover bekend, het geen voorbeeld behoue gebly nie. Die feit dat die Voorbereidende Skool, wat in 1907 formeel afgeskei het, sy eie skildvormige wapen met die woorde "Fac et Spera" daarop verkry het, [7] skep 'n vermoede dat die embleem van 'n werkende mannetjie wel op 'n skild gedrapeer moes gewees het.

In 1912 het die leuse "Fac et Spera", saam met die embleem van die werkende mannetjie, finaal oorgegaan na die Voorbereidende Skool (die latere Potchefstroom Gimnasium).

Die studentekorps Veritas Vincet, wat in die praktyk as verteenwoordigende studenteliggaam opgetree het, het nou ietwat sukkelend 'n eie embleem rondom die leuse "Veritas Vincet" (die waarheid oorwin) ontwikkel – vir gebruik op Korps se nuwe mondstuk met dieselfde naam, wat vanaf 1913 verskyn.

In 1916 maak *Veritas Vincet* sy verskyning in wat bestempel is as "sijn splinternuwe Afrikaanse pakkie". Afgesien van die sierletters wat die naam en die identiteit van die blad uitstraal, met "daardie baje Transvaalse veldblommetjies, wat so oorvloedig uitgestrooi is tussen die letters en rondom en oorals oor die breë blad", is daar nog 'n tekening, in sirkels omraam, van die Mooirivier met sy wilgerbome waar dit onder 'n brug deurspoel.

"En dit, lesers", kondig die "editorial" aan, "is nou Noordbrug – die plek van vrede en rus, van stilte en skemering … die plek waar die lewe self, weer opborrel, onder al die dooie geleerdheid uit, waar die lewensstroom vry en voluit uitstroom en rondslinger met 'n sagte gemurmel tussen die groen velde van die gedagte, soos Mooirivier hier onder Noordbrug deur."

Die kunstenaar, JH Pierneef, is bedank vir "sijn grote welwillendheid en sij goeie werk" en die opkomende Nederlands gebore Afrikaanse skilder is geroem as "onzer een, in godsdienstige en nasionale oortuiging". Die jong Pierneef het reeds in April 1916 'n besoek aan die Bult gebring en 'n lesing oor die skilderkuns, toegelig met tekeninge en sketse, voor die Afrikaanse Debat en Kultuurvereniging gehou. Hy het intussen ook die illustrasies vir Totius se Hertzogpryswennende bundel *Trekkersweë* gedoen terwyl 'n uitstalling van sy werk ook in hierdie tyd by die PUK gehou is. [8]

Die Pierneef-embleem verskyn in 1918 ook op *Veritas Vincet* in sy eerste jaarboekvorm, maar dan, in die 1919 uitgawe, verander die embleem skielik van gedaante. 'n Kommissie wat in 1917 aangewys is om nuwe kleure te verkry, met volmag om 'n outoriteit te raadpleeg, het intussen met Pierneef geskakel oor onder meer 'n nuwe embleem of "insigne", maar skynbaar nie reggekom nie; daar is in Maart 1918 bloot net kennis gegee dat 'n brief van hom ontvang is. Op 24 April 1919 word besluit om "die een as ontwerp deur die Komm. aan te neem; dat enige veranderinge aangebring moet word en voor lede tesame met oorspronklike gelê moet word, sodat hulle kan kies". Drie dae later word gevolglik 'n gewysigde ontwerp "met Suiderkruis motief in plek van die kruithoorn motief" voorgelê en aanvaar. [9]

Uit die bewoording "die een as ontwerp deur die Komm[issie]" wil dit voorkom asof die ontwerp dalk 'n tuisproduk was.

Sonder om enige rede te gee vir die wegdoen met die Pierneef-embleem, en sonder om aan te dui wie die kunstenaar van die nuwe produk is, word bloot net gekonstateer: "Eindelik het die Korps V.V. so ver gekom om 'n eie wapen te besit. Die wapen is verdeel in drie velde: een met 'n doringboom; een met twee gekruiste veerpenne en 'n derde met 'n boekrol en die Suiderkruis. Ook 'n korps-vaandel is vervaardig geword. Bij die feesgeleentheid [verwysende na die komende Jubileumfees van die Teologiese Skool] sal hij vir die eerste keer ontplooi word." [10]

Met Korps Veritas Vincet wat in hierdie tyd as verteenwoordigende liggaam vir die studentemassa as geheel optree, figureer hierdie embleem gevolglik ook op briefhoofde waarop sowel die naam van die Teologiese Skool as die nuwe Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys voorkom. Vir laasgenoemde, wat hom as nuweling skielik binne 'n groter en breër opset bevind waar 'n missie- en visiegedrewe embleem of wapen 'n wesenskenmerk van eweknie-inrigtings is, was dit belangrik om sy identiteit op hierdie wyse ten toon te stel. Maar of die dubbeldoorembleem ook deur personeel van die inrigting gebruik is, is 'n ander vraag – geen aanduiding daarvan is in die beskikbare dokumentasie gevind nie.

Dinge het begin lol vir sover dit die embleem betref. Die groeiende krapperigheid oor die dubbele rol wat Korps in die studentegemeenskap gespeel het, het hier en daar bo die oppervlak begin uitslaan. Só word daar, skynbaar juis as gevolg hiervan, in Maart 1920 op Korpsvlak besluit "om die insigne van die korps en van die studente in die algemeen te skeie", en dat die embleem van "die studente in die algemeen", met klein veranderinge, grootliks dieselfde as Korps s'n sal wees. 'n Verdere besluit, dat Korps as verteenwoordigende liggaam van die studente alleen oor die embleme sal besluit, het sterk verset van vorige Korps voorsitter PJS




***2.2.7***

***Veritas Vincet 1920 ... deur Pierneef.***


de Klerk ontlok. Die saak is na 'n volgende vergadering uitgestel, maar teen daardie tyd het dinge 'n ander wending geneem. [11]

In hul pogings om 'n volledige stel kleure te bekom en nuwe skryfblokke te laat druk, het Korps besluit om met die Senaat oorleg te pleeg oor die embleem en 'n Senaatslid op hul kleure kommissie te probeer verkry. Op 20 Maart het FJ (Frans) du Toit, as lid van die kleurekomitee, teruggerapporteer dat prof Kamp, as afgevaardigde van die Senaat, van mening was dat die Senaat die inisiatief moes neem om 'n embleem te bekom en "dat die Senaat geld sal bestee, techniese advies en 'n behoorlike kunstenaar sal krij vir die ontwerp." [12] Daarmee is die wind heeltemal uit die seile geneem van 'n Korps wat besig was om sy greep, as verteenwoordigende liggaam van die studente, te verloor.

Die Korpsembleem het nou 'n paar snaakse draaie gemaak. Vir die 1920 en 1921 uitgawes van *Veritas Vincet* het Pierneef weer ingestaan, met 'n tekening van 'n besembos en 'n uittreksel uit Totius se gedig oor hierdie kanniedood bossie van die Karoo. Nêrens word hierdie wysiging egter verantwoord nie. Vanaf Augustus 1922 word die blad weer maandeliks uitgegee en word die 1919 embleem in ere herstel, en word dit in verskillende vorme tot aan die einde van 1925 gebruik. Die toutrekkery oor wie nou eintlik die breë studentegemeenskap verteenwoordig is teen hierdie tyd finaal bygelê en só maak *Veritas Vincet* vanaf 1926 plek vir *Studenteblad/Ons Studenteblad*, wat die nou reeds ingeburgerde PUK-embleem oorneem en as mondstuk van die studente van die PUK sowel as die Teologiese Skool dien.

Die totstandkoming van die PUK-embleem was 'n verhaal op sy eie, 'n verhaal waaroor daar tot en met hierdie navorsing verskeie vergissinge was.

Op 'n Senaatsvergadering op 23 Maart 1920 het prof Jan Kamp gerapporteer dat die insigne (wapen) wat deur die studente vir die kollege ontwerp is, vol tegniese foute was. By 'n volgende vergadering verwys Kamp weer na die saak en sê "dat iemand wat kennis het van die saak 'n ontwerp moet maak, waarin die idee van onse skool uitkom". [13] Kamp se verwysing na die studente-inisiatief het heel waarskynlik geslaan op die "tuisgemaakte" Korpsembleem. Die Senaat het inderdaad nou die inisiatief geneem om 'n embleem vir die Kollege te bekom.



***2.2.8***

***JH Pierneef, opkomende kunstenaar en baie gesog op die Bult . 'n Selfportret.***

Waarskynlik vanweë die woelinge rondom inkorporasie het die saak vir 'n tyd lank in die lug gehang. By wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant, gedateer 15 Julie 1921, het die Potchefstroomse Universiteitskollege, soos dit voortaan bekend sou staan, sy status as 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika verkry. Synde nou 'n volwaardige lid van die land se universitêre "klub", het 'n eie embleem 'n dringende noodsaaklikheid geword.

Pas nadat die nuwe status verkry is, op 3 Augustus 1921, magtig die Senaat proff Kamp en Du Toit om vir die Kollege 'n devies en 'n spreuk te ontwerp. Drie maande later is daar terugvoering: "Die kommissie beveel aan vir die Kollege as devies, 'n skild wat donker is waarin sigbaar moet wees 'n sewe-armige kandelaar en die spreuk: In U Lig. Prof. Kamp sal sorg vir die uitvoering daarvan deur Mnr. Pierneef." [14]

Hierdie "mnr Pierneef" was natuurlik die man wat die voorblad ontwerp het waarin die studenteblad *Veritas Vincet* hom vanaf Maart 1916 getooi het, in sy "splinternuwe Afrikaanse pakkie". [15] Pierneef was skynbaar 'n goeie vriend van prof en mev Jan Kamp.

Op 8 November 1921 druk Kamp op Pierneef se nommer, om vir "onze nieuwe P.U.K." 'n embleem te maak: "Dr du Toit en ik hebben 't plannetjie ontworpen en m'n vrouw heeft er 'n schetsje van gemaakt tot toelichting". Die sketsie word saamgestuur, met klemlegging op sekere wysigings daartoe. Sy vrou het ook 'n tweede sketsie gemaak, maar dit het nie so goed gekom nie en mev Kamp self het gevoel dat Pierneef sou weet wat om te doen. Maar dit word oor en oor beklemtoon, dat daar groot haas mee is – dit moet voor 20 November by die drukkers van die jaarboek wees. En daar moet sommer ook twee blokke gemaak word, een vir die jaarboek en een vir skryfbehoeftes. Met 'n "by hook or by croock, laat ons niet in de steek" en 'n smeer met die heuningkwas, "Je bent nou een maal ónze dopper-artist", word die bal na Pierneef aangegee. [16]

Maar die kennisgewing was darem te kort en die jaarboek moes net eenvoudig sonder die embleem die lig sien. Intussen het Pierneef wel met 'n voorlegging vorendag gekom.

Op 2 Februarie 1922 lig Kamp die Senaat in "dat die devies en spreuk, wat deur Mnr. Pierneef ontwerp is, nie bevrediging gegee het nie". Hy beveel iemand anders aan, of 'n persoonlike onderhoud met Pierneef te Pretoria, om die nodige leiding te gee. [17] Dit doen nogal vreemd aan, hierdie byna summiere aanbeveling van Kamp dat iemand anders genader behoort te word…

Kamp kon ongelukkig nie vir Pierneef te siene kry tydens 'n besoek aan Pretoria gedurende die Paasnaweek nie en het toe skriftelik uitvoerige inligting aan hom gestuur. Ook is ontwerptekeninge aan hom voorsien en word 'n nuwe tekening spoedig verwag. [18]

Kamp het vir Pierneef per brief gedateer 1 Mei 1922 implisiet laat verstaan dat hy hulle ietwat in die steek gelaat het en nou die wêreld vir hom wat Kamp is, moeilik maak. Kamp stel dit duidelik dat sy en prof Du Toit, as kommissie, se bedoeling, was "dat 't eigenlik objekt, die kandelaar niet zo prominent figureren moest maar meer op de achtergrond; en zo had de Senaat ons ook opgedragt de uitvoering te verkrijgen". Die ontwerp wat hy voorgelê het, was "op zichzelf heel mooi gevonden, maar niet wat bedoeld was, temeer daar 't zelfde devies ook als 'badge' voor de studenten dienen moet. En toen zijn de broeders op mij afgeklommen", as dat hy nie vir Pierneef ordentlik ingelig het nie. Die Senaat se opdrag om Pierneef persoonlik te spreek, kon ook nie uitgevoer word nie "en nou is de Senaat weer agter mij aan; elke vergadering staat dat op de agenda".

Op versoek van Du Toit stuur Kamp ook aan Pierneef uitknipsels oor hoe die embleem daar moet uitsien. Maar daar is darem ook waardering vir Pierneef: "Jou opvatting is natuurlik 'n selfstandig artistieken geweest. Als jy 'n kandelaar tekent, dan moet er een wezen, die je zien kunt, amper zo goed, dat jy er bij zien kunt. Maar man, onze klomp is anders; dus maak 't nou maar zo en stuur ons gouw, want de kerels zijn haastig voor hun badges; en stuur rekening saam." Hy stuur Pierneef se vorige ontwerp tydelik terug, maar "ik moet 't terug hebben; ik vind 'm mooi". Kamp het gehoop dat hy in Juliemaand, wanneer hy weer in Pretoria sou wees, vir Pierneef te siene sou kry.

Pierneef het skynbaar wel van hom laat hoor, want 'n rukkie later (nog voor die Julie-vakansie 1922) skryf Kamp weer aan hom, om die saak finaal "af te doen". Besonderhede oor wat en hoe word sorgvuldig opgeteken en aan Pierneef deurgegee. Die studente is haastig met hul baadjies – kan hy maar aan hulle sê "dat 't wel in 'n week z'n tijd 'achter mekaar' zal wezen?" [19]

Maar Pierneef was 'n besige man, wat as opkomende kunstenaar wyd in aanvraag was, [20] en hy kon kennelik nie só vinnig reageer nie. In Augustus 1922 – presies 'n jaar nadat die bal aan die rol gesit is – verneem die Senaat van prof Kamp "dat die kommissie sy kragte ingespan het om Mnr. Pierneef in Pretoria te sien maar is nie geslaag nie. Van hier is weer 'n telegram gestuur met antwoord betaal, en nog geen antwoord nie." Die Senaat se geduld was teen die tyd skynbaar op en het die kommissie opgedra "om 'n ontwerp te laat maak desnoods sonder Mnr. Pierneef". [21]




***2.2.9***

***Pierneef-voorlegging. Tot en met hierdie studie was daar 'n Babelse verwarring oor die herkoms van die PUK embleem. Noukeurige bronne-interpretasie het aan die lig gebring dat hierdie skets, wat grootliks as "model" vir die nuwe PUK embleem van die vroeë vyftigerjare gedien het, reeds in 1922 der Pierneef voorgelê is maar geensins bevrediging gegee is nie. Die kandelaar was heeltemal te prominent, na Proff Kamp en Du Toit se sin.***



***2.2.10***

***Dié voorskets van mev. Kamp is ook aan Pierneef voorgelê. 'n Potloodskets van die embleem, wat geringe afwykings van die gepubliseerde weergawe toon, kan moontlik Mev Kamp se finale tekening wees, en word in die PUK-argief bewaar.***

Vyf weke later is die embleem 'n werklikheid: "Prof. Kamp lewer 'n tekening in van 'n devies en spreuk vir die Kollege, wat goedgekeur word. Die verdere uitvoering daarvan word opgedra aan die kommissie."[22]

En hier kom mev Maria ME Kamp, eggenote van prof Jan Kamp, weer in die prentjie. Sy was self 'n kunstenaar in eie reg, wat onder andere ook by geleentheid saam met goeie vriend Pierneef gewerk het. [23] Jan Kamp (jnr) herinner hom byna tagtig jaar later hoedat kommissielede Kamp en Du Toit (Totius) in prof Kamp se studeerkamer aan die beraadslaag was, terwyl mev Kamp die skets van die embleem voltooi en hom as tienjarige gevra om dit aan sy pa te gaan oorhandig. [24]

Begin November rapporteer prof Du Toit dat die tekening nou klaar is en kry hulle opdrag om skryfpapier en koeverte te laat maak. Vroeg in Februarie 1923 was die items by die plaaslike drukker, Koomans, te koop. [25] Reeds op 12 Desember 1922 word 'n briefhoof met die pas aanvaarde embleem in korrespondensie gebruik [26] en vroeg in 1923 is die jaarboek die eerste publikasie wat met hierdie nuwe embleem kon spog.

Uit die voorgaande rekonstruksie van die herkoms van die PUK-embleem is dit dus duidelik dat die lank gekoesterde en gevestige opvatting, as dat Pierneef die eerste PUK-wapen ontwerp het, nie steek hou nie en dat die eer daarvoor eerder professore Jan Kamp en JD du Toit in medewerking met mev Maria Kamp toekom. Die koppeling van Pierneef se naam aan die PUK embleem, soos dit in amptelike publikasies van die universiteit verskyn het, wemel ook van ander foutiewe aannames. Die saak word in 'n verdere hoofstuk oor korporatiewe identiteit aan die einde van die boek verder uitgepluis. **(Hoofstuk 5.4)**


## 2.2.4 Leuse: "In U Lig"

Daar is reeds gesien dat prof Ferdinand Postma, vir sover vasgestel kon word, as vader van die leuse "In U Lig" beskou kan word en wel, in die eerste plek, deur die verwysing na en toepassing daarvan tydens sy intreerede as professor in die Literariese Departement te Burgersdorp, in April 1904. Veertien jaar later, met sy terugkeer in Suid-Afrika nadat hy sy doktorsgraad aan die VU te Amsterdam, Nederland verwerf het, word Postma gevra om die Studente Algemene Vergadering (SAV) by die aanvang van die inrigting se werksaamhede ná die winterreses toe te spreek. By dié geleentheid, op 24 Julie 1914, gebruik hy Psalm 36 vers 10 as teks. [27]

Postma vind die goeie gewoonte, dat die byeenkoms met skriflesing en gebed geopen is, baie paslik en voeg dan hierdie betekenisvolle woorde daaraan toe: "Die

**MEV ME KAMP**

***Margaretha Elizabeth Kamp (gebore Herman) is gebore in Baarn, Nederland in 1871 en het o.a. as kunsonderwyseres in Skotland opgetree voordat sy na Suid-Afrika geëmigreer het, om in 1899 hier met Jan Kamp in die huwelik te tree. Tydens die Kamps se kort verblyf in Pretoria, toe hy redakteur van Ons Vaderland was, het hulle ondermeer stewige vriendskapsbande met kunstenaars soos JH Pierneef en Anton van Wouw gesmee en het die baie kunssinige mev Kamp by tye saam met Pierneef geskilder. Deur natuurgenesingsmetodes het mev Kamp gedurende die Groot Griep van 1918, met met die Kamps se woning tydelik in 'n yslike siekeboeg omskep, baie mense deurgehaal. As uitvloeisel hiervan en met fondse wat deur 'n sekere mnr Van Ginkel voorsien is is die sanatorium "Sanitas" aan die buitewyke van die dorp ingerig en het die Kamps daarheen verhuis. Prof Kamp self was 'n aanhanger van die natuurgenesing (die sg. natuurkultus) en was bekend vir sy sitbaddens in die Mooirivier - selfs in die hartjie van die winter!***
**(Herinneringe J Kamp, Biography of Jan Albert Kamp en PU-Kaner, 14.9.1973 p7: Die Veteraanhoekie)**




***2.2.11***
***Die 88-jarige mnr Jan Kamp het enkele jare gelede onthou hoedat hy destyds die wapen wat sy ma geteken het, vir sy pa en "oom Totius" in die studeerkamer geneem het.***



***2.2.12***
***Die Kamp-gesin, ongeveer 1920. Regs staan Jan***

gewoonte is 'n belydenis van 'n beginsel, dat van grote betekenis en van verreikende strekking is, 'n beginsel dat 't uitgangspunt en 't doel uwer studien vaslegt en alzo heel de lijn tussen die twee punten beheerst. Het is het beginsel, dat ge uitgesproken vindt in het 2de gedeelte van het tiende vers van de U voorgelesen psalm: 'In Uw licht zien wij het licht' ".

Teenoor die opvatting dat die Bybel nie 'n plek in die wetenskapsbeoefening het nie, stel hy onomwonde dat die Gereformeerde belyer vir die eer van God op alle terreine en dus ook op die gebied van die wetenskap in al sy vertakkings moes stry. Hy sluit sy rede af met die wekroep: "Laat ons van hier gaan en voortarbeiden aan de taak, die God ons gesteld heeft, steeds gedachtig aan het woord van den psalmdichter: "In Uw licht zien wij het licht."

Hierna verdwyn die leuse ietwat uit die gesigseinder. Postma self vind 'n paar jaar later, in 1918, ook aanklank by drie skrifwoorde wat Calvyn in die voorportaal van sy kollege in Genevé laat aanbring het, naamlik in Hebreeus "de vreese des Heeren is het beginsel der wijsheid", in Grieks "Christus is ons geworden wijsheid van God" en in Latyn "die ewigheid die van Boven is, is zuiver, vreedsaam en vol van barmhartigheid". As hy een wens kan uitspreek dan is dit dat, indien daar dalk binnekort 'n kollegegebou opgerig gaan word, een van die aangehaalde skrifwoorde van Calvyn op die voorportaal uitgebeitel sal word. [28]

In Julie 1920, tydens die heel eerste gradeplegtigheid van die PUK vir KHO, skets hy kortliks die geskiedenis van die inrigting en proklameer dan een van die Calvyn-uitsprake: "Die leuse van hierdie kollege by alle beoefeninge van die wetenskap is: 'Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid'. Uit hierdie wortel het sy opgebloei en gegroei en hierdie beginsel wil sy handhaaf in die verdere ontwikkeling." [29]

In draagkrag en in grondbetekenis is daar nie juis verskil tussen die twee leuses "In U lig ..." en "Die vrees van die Here ..." nie. Dit spreek byna vanself dat kommissielede Kamp en Du Toit vir Postma as rektor sou geken het by die aanbring van 'n leuse op die embleem en dat sy vroeëre verwysings in hierdie verband dalk tog wel 'n rol gespeel het by die finale vaslegging daarvan. In 1934 het hy in 'n toespraak te Ventersburg sy toehoorders verseker: "Die beginsel vanaf die begin gehuldig is vervat in die Skrifwoordelike spreuk: 'In U Lig' (Psalm 36:10)". [30]

Met "vanaf die begin" het Postma waarskynlik teruggegryp na 1869 (stigting van Teologiese Skool) of minstens na 1877, toe die voorbereidende letterkundige afdeling, volgens 'n ander uitspraak van hom (gradedag 1920), " 'n biekie status begin kry (het)".

Die verskyning van die 1923-jaarboek is in Januarie 1923 in 'n redaksionele artikel onder die opskrif "In U Lig" in *Veritas Vincet*, nou in die vorm van 'n oorkoepelende PUK-publikasie, aangekondig en "besondere aandag" is gevestig op die devies en spreuk: "Die kandelaar, geteken in wit op 'n donkerblou agtergrond, en die spreuk 'In U Lig' karakteriseer tekenend en duidelik die doel en strewe van die Kollege."

Met hierdie devies en spreuk, sê die skrywer van die artikel (heel waarskynlik maar weer die gevestigde woordvoerder, Ferdinand Postma), neem die Kollege 'n "besliste standpunt" in, is dit niks minder nie as 'n "sterke protes" teen daardie twee artikels in die onderwys wetgewing wat 'n verbod plaas op godsdienstige toetsing van dosente en studente, naamlik artikel 25 van die Universiteit van Suid-Afrika Wet van 1916 en artikel 15 van die Hoër Onderwyswet van 1917. Die blad bepleit en hou bepaalde aksies voor om die gewraakte artikels van die wetboek verwyder te kry en noem dit verblydend "dat die Senaat van die P.U.K. sy oortuiging nie onder stoele en banke wegsteek nie maar wil handhaaf en wel met die leuse 'In U Lig' ". [31]

## 2.2.5 Simboliek van die PUK embleem

Daar is, vir sover vasgestel kon word, nooit deur die destydse ontwerpers of van hul tydgenote 'n amptelike uitspraak oor of verduideliking van die simboliek van die embleem self gegee nie. Wel het prof JA du Plessis op 27 Junie 1923, tydens die afsluiting van lesings van die PUK en die Teologiese Skool, een en ander hieroor gesê in 'n toespraak getiteld "In U Lig of die Christelike Wetenskap".

Eerstens vind hy aansluiting by Nederlandse minister van Arbeid, PJM Aalberse, wat in 'n ondersoek oor die verhouding van godsdiens tot wetenskap gesê het dat ware wetenskap net soos ware godsdiens, tot God voer, wat die Absolute Waarheid is. En dan vervolg Du Plessis: "In die simbool van die ligtende kandelaar, wat op die wapen van die P.U.K. staan, met die woorde daaronder 'In U Lig', waardeur die P.U.K. die wetenskap plaas onder die verligting van die H[eilige] Gees, en só 'n standpunt inneem ten opsigte van die wetenskap in die algemeen, wat hom aansluit by die gedagte so mooi uitgedruk deur Dr. Kuyper: 'Wat de Psalmist getuigt: Alleen in uw licht zien wij het licht, blijft voor alle menschelijke kennis de absolute achtergrond.' Want, wat beteken daardie brandende kandelaar in die tabernakel anders as dat alle duisternis in die kosmos en in die mens alleen verdrywe kan word deur die lig van die H[eilige] Gees?" [32]

Iets meer as 'n jaar nadat Ferdinand Postma in 1914 sy "In U Lig"-toespraak gehou het, is dit student



***2.2.13***

***Die Titus-boog in Rome (Die Brandwag 10.12.1913).***

CWM du Toit, eertydse Kruiskerk lidmaat maar nou aspirantpredikant in die Gereformeerde Kerk, wat hom uitlaat oor die simboliek van die kandelaar. Hy doen dit ook voor dieselfde gehoor as Postma destyds, die Studente Algemene Vergadering, en gebruik die Bybelboek Sagaria, hoofstuk 4 as uitgangspunt. **(kyk insetsel)**

Dan maak Du Toit die toepassing: "Net so seker as die kandelaar in hierdie 5de gesig van Zacharia sal voldoen aan sij bestemming om te brand, omdat daar 'n gedurige toevloei van olie is deur die lewende takke, net so seker sal die Joodse volk daar te midde van 'n berg van teëstand hul roeping om die tempel te herbou volbreng, omdat God, die roep, met sij Gees al die geweld sal oorwin, soos Hij in vs. 6 beloof, en Serubbabel kan dus met besieling en vertroue die werk voortsit. So volbreng ook nog die geestelike Israel sij taak blijmoedig al staan hij voor 'n oormag van verset en geweld; in die geloof is hij seker van sij goddelike roeping en gevolgelik van die oorwinning waarvoor hij strij. Ook tot ons dus kom die woorde van v. 6 as 'n oproep om met vertroue in God ons hande aan die ploeg te slaan, daar Hij ons van sij bijstand verseker." [33]

In amptelike dokumente rakende die PUK-embleem, gedateer 1988, is daar 'n stuk getiteld "Die wapen van die P.U. vir C.H.O." waarin – by gebrek aan 'n historiese weergawe – die simboliek eietyds verduidelik word.

***'n Kandelaar, heeltemal van goud. (Sagaria 4)***

***"En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy olie-kan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan." (verse 2 en 3)***
***" … Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare." (vers 6).***

***- Teks 1953-vertaling, Afrikaanse Bybel***

Eerstens word die idee van 'n skild heraldies teruggevoer na die tydperk toe 'n skild ter beskerming van die liggaam gebruik is. Simbolies is die personeel en studente die liggaam van 'n universiteit, wat dus beskerm moet word. Verder: "Die kandelaar is die enigste element op die skild van die universiteit. Nogtans is dit ryk in simboliek. As enigste simbool op die skild dui dit op die soberheid wat deel van die karakter van die universiteit is en as enigste simbool vorm dit so 'n dominante en opvallende deel van die wapen as geheel dat dit met een opslag die karakter waarvoor die universiteit staan, uitstraal ... In die sewe-kandelare is sewe as volheidsgetal vervat, soos tipies

voorkom in die bybelse kandelare ... Die kandelare bevat elk 'n brandende lig wat aansluit by die leuse van die universiteit maar ook simbool is van die lig wat die universiteit as akademiese inrigting wil uitstraal." [34]

In die loop van hierdie studie het die oog terloops geval op 'n foto van die Titusboog in Rome, wat Titus se triomfantelike intog in Rome uitbeeld, nadat hy 'n Joodse opstand onderdruk en die kandelaar uit die herboude tempel in Jerusalem geroof het. En het die vraag opgekom: sou die simboliek van hierdie "triomferende" kandelaar, soos dit in *Die Brandwag* van destyds verskyn het, nie dalk as inspirasie gedien het vir kommissielede Kamp en Du Toit, by die ontwerp van die PUK-embleem nie?

In die heel finale stadium van afronding van die studie het die briefwisseling van prof Kamp met Pierneef vanuit 'n heel onverwagse oord opgeduik – en is bevestiging gekry vir die vermoede omtrent die Titusboog. In sy laaste brief aan Pierneef (tussen 9 Mei en ongeveer begin Julie 1922) stuur Kamp aan hom 'n "tamelik histories zekere afbeelding v.d. originele kandelaar n.l. zoals hy staat op p. 402 van uitknipsel", en voeg dan later by: "Ja, laat ik dit nou nog effen stipuleren dan is 't van mij af: Dr. du Toit denkt dat de lichttoon van 't object en 't vlak 't best beantwoorden zal zooals in de Titusboog, fig. Pag. 402." Die uitknipsel was uit 'n Duitse standaardwerk en moes weer ingeplak word, daarom versoek Kamp dat dit terugbesorg sal word. [35]

Met hierdie veelseggende vlag – die sewepuntige kandelaar op 'n skild met die ondersteunende leuse – het die klein, byna petieterige PUK-skippie sy neus die branders ingesteek, die diepe vaarwaters van die wydgestrekte akademiese oseaan binne. Soos prof JA du Plessis dit gestel het: "Dit was seker 'n daad van durf van die Senaat van die P.U.K. om juis hierdie wapen-spreuk te kies … Dit getuig van moed om te verduur die dik-lip-spot van 'n ongelowige wetenskap, want hierdeur het ons nie geskroom om ons te isoleer nie op 'n standpunt, wat die ongeloof belag, naamlik die van die Christelike Wetenskap."

Du Plessis stem saam met prof Du Toit, wat in *Die Kerkblad* nie die Roomse nie, maar die ongelowige wetenskap, wat die volkslewe deur die hoër en laer skole binnedring, as die groot gevaar uitgewys het: "Daarom mag ons nie tevrede wees met 'n slagspreuk nie, en mag ons nie ons verskuil agter 'n vae begrip van Christelike Hoër Onderwys nie, maar moet die oorspronklike durf ook deurtas om te belyn en te verduidelik wat ons verstaan onder Christelike Wetenskap. Ons is dit verskuldig teenoor onsself, teenoor ons ondersteuners, teenoor die ongelowige wetenskap." [36]

## 2.2.6 PUK-kleure

Die term "kleure" is destyds veelal gebruik in die sin van uiterlike kentekens, veral om kledingstukke soos baadjies, pette en/of musse aan te dui. Daarby inbegrepe was die werklike kleure (soos in kleure van die reënboog) van die onderskeie items en wat gewoonlik ook in die embleem weerspieël word. Net soos die embleem, kom die PUK se kleure ook 'n vér pad, dáár uit die pioniertydperk te Burgersdorp. Dié twee sake was van meet af innig verweefd en het die ontwikkelingspad saam geloop. Dit het begin by twee voorstelle, op 12 Mei 1894, tydens 'n algemene vergadering van die studente, wat onder meer ten doel gehad het die bespreking van "de wenschelijkheid van een bepaald teeken voor de studenten". Sommer daar en dan word twee planne vir die voorkoms van die "teeken" voorgelê, een waarvan ook die kleure behels. 'n Komitee word aangewys om verder daarmee te werk. [37] Drie weke later, op 2 Junie, word "Kastanjebruin (Maroon), Fawn, Bruin" as kleure aanvaar. Hoewel die spesiale kleur of kleure vanweë praktiese probleme in September 1896 weggelaat en bloot met 'n effe metaalwapen volstaan is, [38] kan aanvaar word dat die goedgekeurde kleure bly staan het.

Die eerste verwysing na kleure in die sin van dra-artikels (uitgesonderd wapens of "badges"), is in 'n notule van die Algemene Studente Vergadering van 28 Februarie 1903 – die tweede vergadering ná die heropening van die Teologiese Skool en ook die tweede byeenkoms ná die Anglo-Boereoorlog. Verwysende na "de school kleuren" is bepaal dat bestellings by H du Plessis geplaas moes word en dat geen student die reg sou hê "de zijne in bezit van vreemden die geen student is te laten komen". [39] Geen beskrywing van die aard van die "kleure" is gegee nie.

Dit was ietwat van 'n gesukkel om die kleure te verkry en uiteindelik moes dit direk deur Johannes (John) van der Walt, wat met die verkryging van die kleure belas was, Potchefstroom toe gestuur word, toe die Teologiese Skool teen die einde van 1904 man en muis soheentoe verhuis het. [40] Skynbaar het die kleure wel betyds op Potchefstroom aangekom, want met die opening van die Teologiese Skool aldaar, middel Februarie 1905, word verwys na "de roode baatjes en mutsen der studenten" waaraan die publiek kon agterkom "dat een vreemde soort menschen hun plaats onder ons hadden ingenomen". [41]

Volgens 'n verslag van John van der Walt was daar skynbaar iets verkeerd met die kleur van die baadjies, maar oor die algemeen was daar groot tevredenheid – met selfs 'n batige saldo van sowat £10 om mee te spog … en in 'n "amortisasie-fonds" (fonds vir geleidelike skulddelging) te stort. [42] Maar teen Mei 1905 blyk dit dat "nog wat skuldig is" op die kleure en sou die ou




***2.2.14***

***Advertensie in Fac et Spera, vol VII (4), 1 Desember 1907.***


voorraad voortaan teen kosprys verkoop word. In Oktober word besluit "om die ou kleure af te schaf en een nieuwe in plaats daarvan te kryg". Die daartoe benoemde kommissie het dadelik verslag gelewer, die verslag is aanvaar en hulle is volmag verleen "om verder in de zaak werkzaam te wees, n.l. die kleure te laat order door Tod Suttie". Einde November word P Bingle aangewys as "secretaris voor die school kleure".[43]

Verdere inligting oor die aard van die kleure is vervat in 'n notule van 9 Februarie 1907, toe 'n voorstel aanvaar is dat leerlinge (aanvanklik genotuleer as "kerels") van die Voorbereidende Skool slegs "ties en hoede bande" mog aankoop. 'n Advertensie van die handelaar verskaf uiteindelik die antwoord op die vraag na welke items destyds met die term "kleure" aangedui is: baadjies, pette, dasse en wapens – waarskynlik lapelwapens.[44]

In Februarie 1908, en "daar de heer Tod Suttie nog veel het en niet kan verkoop", word besluit dat leerlinge van die Voorbereidende Skool "van nu voortaan die reg zal het om blazers & badges te koop"![45]

Op 23 Junie 1908 is daar plegtig van John van der Walt, wat 'n aansienlike rol gespeel het in die verkryging en hantering van die kleure, afskeid geneem en dank betuig "voor zijne liefde, opoffering en ijver voor de school in de afgelopene jaren bewezen".[46] Maar Van der Walt sou kort voor lank weer van hom laat hoor. Hy het intussen na Steynsburg verskuif, waar hy in 1909 as onderwyser en vanaf Junie dié jaar as hoof van die plaaslike Gimnasium opgetree het. Op 12 Februarie 1910, tydens 'n spesiale vergadering net vir dié doel, het 'n skriftelike aansoek van hom gedien, naamlik dat die kleure van die Teologiese Skool ook aan leerlinge van sy inrigting toegestaan word Daar is toe besluit dat die Steynsburgers wel die kleure kon dra, maar nie die "badges" nie.[47]

Die kleurekwessie figureer hierna eers weer in Maart 1912. Te midde van 'n kwaai wedywering tussen "juniores" en "seniores" oor die instelling van 'n algemene studentefooi en besitreg van die studentemondstuk *Fac et Spera*, het CWM du Toit kennis gegee van 'n bespreking oor die wenslikheid om die skoolkleure te wysig "en of daar nie sal onderscheid wees tussen die kleure van Seniores en dié van Juniores". Van hierdie voorstel het daar skynbaar niks gekom nie – soos ook die geval was met 'n beplande bespreking oor "die slegte kwaliteit van die skoolbaajtjies teen die prijs wat ons daar voor betaal", wat op 24 Februarie 1915 te berde gebring is.[48]



***2.2.15***


***HJJ (John) van der Walt ... het 'n groot rol gespeel in die verkryging van kleure.***

Met die afskeiding van die Voorbereidende Skool einde 1912 het Korps Veritas Vincet 'n baie prominente rol in die senior studentelewe begin speel, onder meer as eienaars en uitgewers van 'n eie blad *Veritas Vincet* – die enigste mondstuk van die studente op hierdie stadium. En so het daar onder meer 'n stryd ontstaan oor die vraag wie vir die inrigting se kleure verantwoordelikheid moes aanvaar: die studente in die algemeen, soos tradisioneel georganiseer in die Studente Algemene Vergadering, of Korps Veritas Vincet? In 1914 is konsensus bereik: "De kleuren worden voortaan 't eigendom van de algemene studenten-vergadering, en worden voor verdere behandeling naar genoemde vergadering verwezen." [49]

Na die mislukte poging in 1915 om die SAV in 'n volwaardige Studente Verteenwoordigende Raad te omskep, het Korps weer vanaf 1916 dié rol vervul en in die proses weer verantwoordelikheid vir die kleure oorgeneem. Reeds in 1916 is besluit om die kleure wat nog by die verskaffers was, op te koop en verdere bestellings te stop. Die volgende jaar is 'n kommissie, met onder meer eerstejaar en enigste dame in Korpsgeledere, Martha Lugtenburg as lid, aangewys om nuwe kleure vir die Teologiese Skool te verkry, en is aan hulle volmag verleen om 'n outoriteit te raadpleeg. Sewe maande later word 'n brief van mnr Pierneef "re insignes en vaandel" voorgelees – sonder enige verdere besonderhede. Nou word besluit om met die lede van die vorige kleurekommissie te skakel "insake 'n kleur ens. vir die Korps", [50] maar weer is daarmee gesloer en sou eers teen April 1919 finaliteit oor die kleurekwessie bereik word.

As voorsitter van die kleurekommissie het LJ du Plessis op 22 Maart 1919, pas voor sy vertrek na Nederland, verslag gedoen en tydens 'n spesiale vergadering op 24 April is voorlopig twee kleure vasgestel: Pruisies-blou met wit rand, "afgeset" met groen of donkerbruin met wit rand, "afgeset" met swart. Drie dae later val die besluit: rooi-bruin (maroen) as grondkleur, met silwer en goud as bykleure.[51]

Daar was nou redelike haas met die kleurekwessie, want die Jubileumvieringe van die Teologiese Skool en die herdenking van die 25ste bestaansjaar van Korps was op hande. Komiteelede Schulze en Stoker het gerapporteer dat probleme ondervind word met die vervaardiging van die baadjies en dis besluit dat die maak van die baadjie, die hoedband en "wat verder tot die uitrusting behoor", vir 'n onbepaalde tyd uitgestel word. Maar daar was sterk druk dat 'n beplande vaandel vir Korps so gou moontlik vervaardig moes word. [52] Die besluit om die vaandel te laat maak is reeds in Junie 1918 geneem. Baie paslik is Martha Lugtenburg weer betrokke, nou saam met LJ du Plessis en AJH van der Walt. [53]




***2.2.16***

***Korps Veritas Vincet se vaandel is met trots in November 1919 ontplooi. Die foto wat toe geneem is, van Korpslede rondom die vaandel, verskyn op p170.***

Soos reeds gesien, is die Korpsembleem in April 1919 gefinaliseer en dit was 'n trotse oomblik toe Korps voorsitter PJS de Klerk op 15 November 1919 'n "nuwe lid" voorgestel het, naamlik die nuwe vaandel. Oud-Korpslid en gasspreker vir die aand, JC van Rooy, het hom gelukkig geag om met die onthulling van die "pragtige stuk werk" aanwesig te wees. HG Stoker is as eerste vaandeldraer aangewys (sy taak was om na die vaandel om te sien en dit tydens vergaderings of byeenkomste te hys) en daar is besluit om 'n portret te laat neem. Ook is skryfpapier met die nuwe Korpsembleem aan lede beskikbaar gestel. [54] Hoewel nie gereed tydens Korps se 25ste verjaardagvieringe in Mei 1919 nie, kon die pragtige Korpsvaandel met trots tydens die 50-jarige bestaansvieringe van die Teologiese Skool einde November dié jaar ontplooi word, terwyl


die nuwe embleem op 'n spesiale jubileumuitgawe van *Veritas Vincet* gepryk het. Ietwat ironies is opgemerk: "Sportbaatjes en -mutse bestaan nog maar altijd net in die verbeelding." [55]

Met 'n eie embleem en 'n besondere vaandel het Korps vroeg in 1920 weer die kleurekwessie opgeneem en 'n kommissie aangewys om navraag te doen oor pryse van 'n volledige stel kleure. Maar hulle sou eers met die Senaat oorleg moes pleeg, insake die embleem en moes poog om 'n lid van die Senaat op die kommissie te verkry. Nuwe skryfblokke moes ook laat druk word, maar hulle moes eers wag op inligting oor die embleem. [56]

Na verloop van twee jaar word navraag gedoen oor die vordering met die kleure en word 'n tweemankommissie aangewys "om te werk met die kleure en wat dan ook sal saamwerk met die Senaat om 'n 'Embleem' te kry." Teen Julie word gerapporteer dat die handelaar nog nie terugvoering uit Europa gekry het nie. [57]

Intussen is die embleem vir die PUK op 'n ander vlak deur al sy stadia gevoer. 'n Mate van ongeduld en onvergenoegdheid het na vore getree op 'n vergadering van Korps aan die begin van 1923. Izak van Rooy vra vir 'n "finale" bespreking van die kleurekwessie, terwyl N Combrinck en Hugo du Plessis "wil weet wat die offisiële wapen van die Kollege is". [58]

Die "kleur- en wapenkwessie" is gevolglik aan die orde op 'n spesiale vergadering op 17 Maart 1923 en voorsitter WJ Snijman rapporteer: "Die Bestuur beveel aan dat die korps sy bestaande kleure en die offisiële wapen Veritas Vincet sal handhaaf binne eie kring. Die 'In U Lig' wapen is deur die Senaat vasgestel as d. sinspreuk v.d. P.U.K. Die aanbeveling van die Senaatskommissie is dat die P.U.K. studente dieselfde kleure sal dra as Korps VV, maar die In U Lig wapen sal dra wanneer hul wil geken wees as Puk studente." Met die aanvaarding hiervan [59] het daar skynbaar weer rustigheid oor die kwessies gekom.




***2.2.17***

***Of dit iets te doen het met die ontoereikendheid oor die eerste besending "kleure" in 1925, is nie seker nie, maar die vroegste foto's van die nuwe PUK-kleure wat in die PUKANA-museum opgeneem is dateer uit 1927.***

In Junie 1924 word genotuleer dat J van Rooy as Korps se verteenwoordiger benoem is op die PUK se kleurekommissie, en in Augustus rapporteer hy hoe dit gesteld is met die PUK- en Korpskleure**.** Mettertyd het die SVR, wat intussen weer die "bestuur" van die studentelewe by Korps oorgeneem het, ook volle verantwoordelikheid vir die verkryging van kleure op hom geneem. In sy jaarverslag vir 1925 kon SVR-voorsitter Jan de Klerk aankondig dat die kleure uiteindelik hul verskyning gemaak het. "Ongelukkig", voeg hy daaraan toe, "is die kleure nog nie wat hulle moet wees nie, maar ons hoop dat so gou as die ou voorraad uitverkoop is, u 'n beter kleur en kwaliteit aan te bied." [60]

Nadat Korps teen die einde van 1925 ook sy mondstuk aan die SVR oorgemaak het, [61] is alle spore van betrokkenheid by PUK-kleure finaal in Augustus 1926 beëindig en "handig die Korps die kleure-kwessie geheel oor aan die S.V.R". [62]

In die eerste uitgawe van die jaarblad van die studente van die PUK en die Teologiese Skool, met die paslike naam "Ons Studenteblad", gedateer November 1926, raak De Klerk in sy tweede termyn as SVR-voorsitter weer die kleurekwessie aan, "om nie van die gewoonte af te wyk dat by elke studentefunksie 'n woordjie oor die kleure gesê word nie". Uiteindelik, sê hy, is die eerste besending, wat groot ontevredenheid veroorsaak het, van die hand gesit. Die wakker kleurekomitee het reeds bestellings geplaas "en die regte kleur en kwaliteit stof (sal) vroeg volgende jaar hier wees". [63]

Die maroen baadjie met sy vertikale goue en wit (silwer) streke, kompleet met die kandelaar embleem en die besondere leuse, "In U Lig", sou voortaan met trots gedra word om PUK-identiteit te vertoon.

### 2.2.7 Alma Mater en kreet

Oor presies waar en wanneer die PUK of sy voorlopers vir die eerste keer 'n amptelike lied verkry het, is daar onsekerheid. As vertrekpunt vir 'n opwindende maar moeisame soektog om agter die kap van die byl te kom, het gedien die aanwesigheid van sowel die bekende "Gebore uit die nag van smaad…" as 'n eenstrofige "Ou Alma-Mater", in die Studente-sangbundel van 1959 (aangedui as tweede druk).

Die verkryging van 'n Alma Mater vir die PUK het 'n lang en komplekse voorgeskiedenis.

John van der Walt, die man wat hom in die beginjare te Potchefstroom so sterk beywer het vir eie kleure en 'n eie embleem, het in Augustus 1906 'n studentelied, geskryf deur J Kuhn, vir goedkeuring aan die Studente Letterkundige Vereniging (SLV) voorgelê. Dit is na 'n komitee verwys, wat die professore daaroor moes raadpleeg. Die terugvoering was negatief; dit is as "not fit for our purpose" bestempel. 'n Voorstel dat dr JD du Toit gevra sou word om 'n lied te komponeer, is nie aanvaar nie en daar is besluit dat studente en oudstudente deur middel van die blad *Fac et Spera* in hierdie verband genader sou word. [64]

Dit is nogal vreemd dat nie van die dienste van die plaaslike predikant en "Ons Digter" uit Burgersdorp se dae, wie se digterlike talent juis in hierdie tyd sterk aan die ontwikkel was, gebruik gemaak is nie. Wat ook opval, is dat die kwessie van 'n eie lied ('n alma mater dus) deur die SLV en nie byvoorbeeld deur die Algemene Studente Vergadering (ASV), wat tog eintlik as studente verteenwoordigende liggaam opgetree het, hanteer is. Sou dit dalk as 'n suiwer "letterkundige" aangeleentheid beskou gewees het?

Daar is toe wel 'n oproep in die studenteblad gedoen. "Wie geeft het ons?", lui die opskrif van 'n beriggie op die voorblad van die Oktober uitgawe van *Fac et Spera* – en 'n spesiale beroep word op oudstudente gedoen dat hulle "ons hierin zeker, ten beste van hun dichterlijke genie, steunen zal". [65] Maar dit was alles tevergeefs: geen voorstel het ingekom nie en die Teologiese Skool sou nog geruime tyd sonder 'n lied bly.

Die eerste spoor van wat bestempel kan word as 'n "nie-amptelike" lied word aangetref in die studenteblad *Veritas Vincet* van Mei 1915, [66] naamlik die lied van die vereniging Korps Veritas Vincet. **(insetsel op p267)**

Geen aanduiding kon gevind word of hierdie lied een of ander amptelike status gehad het of by welke geleenthede (indien enige) dit gesing is nie. Op 19 Junie 1919 is 'n bestuursbesluit, betreffende die uitskryf van 'n kompetisie vir 'n studentelied, aan die algemene vergadering van Korps meegedeel. Skynbaar was dit ook maar weer 'n doodgebore idee, want in November is besluit dat geen lied tydens die Jubileumfeesvieringe die einde van dié maand gesing sou word nie. [67]

Dit moet natuurlik onthou word dat Korps op hierdie stadium as 't ware nie-amptelik en kort hierna amptelik as verteenwoordigende studenteliggaam gefigureer het, tot byna die middel twintigerjare. In hierdie tyd het Korps ook die kleurekwessie hanteer en waar die kwessie van 'n embleem juis in hierdie tyd sterk na vore getree het, verbaas die volgende notule-inskrywing op 12 Maart 1921 nie juis nie: "Die voorsitter vrae aan die lede wat digterstalent besit om te trag 'n studentelied saam te stel." Wat hiervan geword het, is ook nie duidelik nie.

In Maart 1923 word 'n aantal sake wat "van besondere belang" geag is, na die bestuur verwys, vir behoorlike

***VERITAS VINCET (WIJSIE: VRYSTAATSE VOLKSLIED)***

***Studentekorps, wees eengesind,***

***Laat waarheidsband ons samebind,***

***Et Veritas Vincet.***

***Wees eensgesind en nasjonaal,***

***En strij vir God en volk en taal,***

***Et Veritas Vincet! (bis)***

***Die strijd is swaar teen wereldmag,***

***Dog waarheidswoord gee blijwend krag,***

***Et Veritas Vincet.***

***Wees welgemoed vir grote werk,***

***Geloof en hoop maak altijd sterk,***

***Et Veritas Vincet! (bis)***

***Ons ves ons hoop op godlik Woord,***

***Die waarheidslig, wat lei ons voort,***

***Et Veritas Vincet.***

***Die lig deur eeuwe het gelei***

***Die kleine strijdende partij,***

***Et Veritas Vincet! (bis)***

***O kleine Korps, wees welgesind,***

***Laat waarheidsband ons samebind,***

***Et Veritas Vincet.***

***Blij steeds getrouw ons ideaal:***

***Te strij vir God en volk en taal,***

***Et Vertitas Vincet! (bis)***

bespreking tydens 'n volgende vergadering. Een hiervan was "die wenslikheid … van die beoefening van die bestaande studenteliedere met die oog op die te houe Grade-aand". En toe dit wel ter tafel kom, hierdie keer aangedui as "die te oefene studente-Stoker-liedere", word gesê dat dit tuishoort by die Studente Algemene Vergadering.[68] Die jong Henk Stoker het dikwels die oog gevang as klavierspeler.

Teen 1924 moes Korps sy beheer oor die studentelewe finaal prysgee toe die eerste Studente Verteenwoordigende Raad in die lewe geroep is. Hierdie nuwe liggaam het dadelik aandag gegee aan die kroniese kleurekwessie, maar geen aanduiding is verkry dat hulle van meet af aandag aan die verkryging van 'n amptelike lied hoog op hul agenda was nie.



WAT VAN KOLLEGE-LIEDERE?

*Hier is 'n paar.*

Wysie: Der Gott der Eisen wachsen lies der wollte keine Knechte.

I.

Die P.U.K. is ons ou plek,
Die beste plek op aarde
Dit kan geeneen in twyfel trek
Wat kennis het van waarde
Die P.U.K. bied wat jy wens
Maats, studie, sports en grappe
En maak van jou 'n egte mens
Vir al jou lewensstappe.

II.

Wie ons ou P.U.K. nie ken
Bejammer ons van harte
Hy's vreemd'ling in Jerusalem
Dis tog vir hom die naarste.
Die P.U.K. is van belang
Vir land en volk en nasie
En maak van elk 'n ware man
Wat trou staan by sy nasie.

Verander woorde, waar jul wil. Probeer net wysie inburger. Wie probeer andere P.U.K.- of Voetballiedere op hierdie wysie te maak?

• • •

I.

Ek is 'n P.U.K. Student,
Wat op ons Kollege trots is!
Ek sal ook altyd tot die end
Die P.U.K. se lof sing.
Al sê die mense wat hul wil,—
Die P.U.K. oortref alles!
Daar is geen kollege in ons land
So deeglik en vol strewe!
Geeneen bind ons met so'n band
Wat hou vir *heel* ons lewe!

II.

Lang leef ons eie P.U.K.
Sy staf en sy studente,
Die raad en alger wat hom dra
In liefde*vol*le bande!
Die ou tradiesies van ons volk
Sal hier getrou gehandhaaf bly!
Die eise van die wetenskap
Is altyd hier gewaarborg!
Geloof en wetenskap verbind:
Dis P.U.K. se waar' sorg!

III.

Kom, P.U.K. Studente, sing!
Laat galm 'n grootste loflied!
Ter eer van onse inrigting,
Wat veel roem*ryke* stof bied!

***2.2.18***

***Voorstelle vir 'n Alma Mater, 1927.***

Teen 1926 was daar wel roeringe en maak die item "P.U.K.-lied" sy verskyning in die notules van die Studenteraad. 'n Aanbod van 'n sekere mnr Richfield, om die musiek vir so 'n lied saam te stel, word aanvaar terwyl ook besluit word om die kompetisie vir die bewoording van 'n sodanige lied nie net vir studente en oudstudente nie, maar ook vir "ander digters" oop te stel. [69] In Februarie 1927 is 15 April as keerdatum vir die kompetisie bepaal en is ook, waarskynlik vanweë swak reaksie, besluit dat persone direk genader sou word "om so 'n lied te maak". [70]

Dit wil voorkom asof daar teen die einde van 1927 nog nie 'n Alma Mater bestaan het nie, want in die studentekwartaalblad se laaste uitgawe van die jaar word in die afdeling oor verenigingslewe die vraag gevra: "Wat van Kollege-Liedere?" Twee sulke liedere, sonder vermelding van outeurs, word as voorbeelde afgedruk, met die byna radelose advies en uitnodiging: "Verander woorde, waar jul wil. Probeer net wysie inburger. Wie probeer andere P.U.K.- of Voetballiedere op hierdie wysie te maak?" [71]

Hierna tree daar 'n stilte in wat hierdie saak betref, en kan aanvaar word dat die PUK op hierdie stadium nog nie met 'n Alma Mater kon spog nie.

Vroeër jare was 'n kreet of "oorlogskreet" 'n byna onlosmaaklike deel van die identiteits-"pakket" van onder meer opvoedkundige inrigtings en is dit gewoonlik net na die sing van die instansie se amptelike lied losgesteek. Al was daar destyds nog nie 'n Alma Mater nie, het die Pukke tog reeds in 1924 'n "oorlogskreet" tot sy identiteitsmondering gevoeg. Die oorsprong daarvan word teruggevoer na 'n atletiektoer in 1924.

'n Ylerige Puk-spannetjie van net ses lede (en boonop sonder hul pronknaelloper en Springbok-vleuel dié jaar, J (Hans) Aucamp en bobaasgewigstoter Fred Scheepers) was per trein op pad na 'n atletiek-intervarsitie in Kaapstad. Kaptein Jacs van Rooy vertel later, in 1958, só hiervan: "Ons het nog geen oorlogskreet gehad nie. Potch. is al opgeroep met Intervarsitydinees, maar ons het geheimsinnig (lamlendig) stilgebly. 'n Oorlogskreet moet inmekaar getimmer word. Klassieke mense het weggeval met Latyn en Grieks, teoloë het tevergeefs Hebreeus probeer laat "kreet", Sak [van der Walt?] het "vive la… vive la" ingegooi, maar dis eers op die trein dat Stoffel [Coetzer?] se Kaffertaal ons gebring het waar ons naasteby moes wees. Ons het geoefen op die trein; ek het my manne gewaarsku dat ons maar gaan stilbly, tensy hulle ons tot skamens toe tart. Hulle het. Ons moes PEZULA! En die Pukke skreeu hom vandag nog." [72]

Wat in 1924 aangebied is as "Strydkreet van die P.U.K." word in die insetsel hiernaas aangebied. [73]

| | | |
|---|---|---|
| **"Dirigent":** | ***Pêzula! Pêzula!*** | ***Trek op! Trek op! (Val aan! Val aan!)*** |
| **Almal:** | ***Arrie hô!*** | ***Soontoe! Soontoe!*** |
| **"Dirigent":** | ***Tibêla! Tibêla!*** | ***Keer voor! Keer voor!*** |
| **Almal:** | ***Huwhêtla kô!*** | ***Hy kom! (Daar kom hy!)*** |
| | ***Vale Victor*** | ***Wees sterk! Oorwin!*** |
| | ***Ara ma dia*** | ***?*** |
| | ***Certate, Vincete, Theos bo!*** | ***Veg / stry / oorwin! Theos bo!*** |
| | ***Gloria! Gloria!*** | ***Glorie! Glorie!*** |
| | ***Vivele, Vivele, P.U.K.!*** | ***Lewe, Lewe die PUK! (PUK bo!)*** |
| **"Dirigent":** | ***Alias...*** | |
| **Almal:** | ***Theos! Theos! Theos!*** | ***Theos! Theos! Theos!*** |
| | ***Phala laka Zonka*** | ***?*** |
| | ***Cave! Cave! Cave!*** | ***Pasop! Pasop! Pasop!*** |

***Enkele verklarings oor die "vertaling" is nodig.***

Eerstens, die woorde "Ara ma dia" mag moontlik Portugees wees terwyl "hala laka Zonka" deur 'n adviseur beskryf is as "sommer net 'n ding"! Stoffel Coetzer se kennis van swart tale was, gesien die totale afwesigheid van akademiese aanbieding daarvan destyds op die PUK, skynbaar maar bra beroerd! Hoewel "Theos" in Grieks "God" beteken, was dié uitdrukking aanvanklik van toepassing op die studente (van die Teologiese Skool) en is dit na afskeiding veral van toepassing gemaak op sportspanne. Tot in die laat vyftiger- en selfs vroeg sestigerjare het die eerste rugbyspan van die PUK as "Theos" bekend gestaan.

Dit moet onthou word dat die strydkreet, net soos die beroemde "Haka!" van die Nieu Seelandse rugbyspan (die All Blacks) en ook die strydkreet van die Springbokke in 1928 (nadat hulle in 1921 'n draai in die land van die Silvervaring gemaak het), bedoel was om die opponente te ontsenu. Dit kan ook bestempel word as 'n speelse "oorlogverklaring".




***2.2.19***

***"Pezula, Pezula, Ariako!", soos dit in die Gedenkprogram van 17 Maart 1951 aangebied is.***

304 STUDENTE EN SKOLIERE

## 266. De Gilde viert

RENÉ DE CLERCQ — EMIEL HULLEBROEK




## 266ª. P.U.K. Alma Mater-Lied, Potchefstroom

(Musiek soos vir „De Gilde Viert").

TOTIUS — EMIEL HULLEBROEK

1. Begin ons klein, ons ideaal is groot.
Ons sal met hart en hand en mond
Stry vir ons Alma Mater.
Die Wetenskap beoefen ons,
Ook sport en grap floreer by ons;
Hoera! vir ons Alma Mater.

KOOR: Ons is en bly studente van,
Ons leer en werk as studente van,
Ons leef en speel as studente van
P.U.K., P.U.K., P.U.K.

2. Die P.U.K. staan oraloor bekend,
Omdat hy van elke student
'n Man maak van beginsel.
Op sportgebied het ons 'n naam
Oor heel geliefd' Transvaal befaam,
Hoera! vir ons Alma Mater.

KOOR: Ons is en bly studente van,
Ons leer en werk as studente van,
Ons leef en speel as studente van
P.U.K., P.U.K., P.U.K.

***2.2.20***

***Iewers in die jaar of twee - drie voor die ingebruikneming van die hoofgebou het Totius vorendag gekom met 'n Alma Mater wat deur die studente aanvaar is. Hierdie lied sou, saam met 'n eie kreet tydens die funksie in April 1931 tot die sukses van die plegtigheid bydra.***

# Hoofstuk 2.3

## GROEILYNE EN GROEIPYNE




**"Is dit nou reg teenoor ons om die bedrag nie te kry nie? en dit terwyl van ons geëis word dat ons in alle opsigte aan die eise van die regulasies ... moet voldoen. Die vraag kan by ons nie onderdruk word nie: waaroor word ons gestraf? ... 'n Tweede saak is die kwessie van 'n lening vir geboue. In onse land is nie een Kollege of Uniwersiteit nie of die geboue is opgerig met geleende geld van die Regering. Ons moes nou 'n private lening sluit vir £3600 om tydelike geboue op te rig ... As dit nodig is wil een van ons oorgaan na Kaapstad om U verder alle informasie te verskaf wat U wil hê. Die saak is vir ons 'n kwessie van bestaan en voortbestaan."**

**- Registrateur/JG Obermeyer, LV, 28.12.1922**